
LOWVELDER/LAEVELDER (Friday)
09 Mar 2012, p.23



Wynand Claassen gesels met rugby-entoesias Willem du Preez.

# Wynand Claassen stel boek bekend

NELSPRUIT - Rugbyliefhebbers het die geleentheid gehad om een van ons land se bekendste figure in dié sport Wynand Claassen, te ontmoet by die onlangse bekendstelling van sy boek, *Kaalvoetklong tot rugbytoks*.

Bargain Books in I'langa Mall het 'n bekendstelling op 3 Maart aangebied en alhoewel die opkoms teleurstellend was, het Claassen dié wat dit wel bygewoon het getrakteer met staaltjies uit sy rugby- en kinderdae.

Onder meer is die stories herlei van Blokkies die hond, die 1981 toer na Nieu-Seeland en Prof. Anna Neethling-Poohl se geesdriftige ondersteuning. En natuurlik die storie oor sy pa, George, se tog per trein na die Comrades Marathon in 1961, waar hy dan ook gewen het.

Die boek handel oor 'n baie lekker tydperk in ons rugby-geskiedenis." het hy vertel.

Sy dae op Tukkies, in Natal asook Frankryk word op sy kenmerkende humoristiese manier oorgedra.

Bo en behalwe die rugby-stories, deel Claassen ook herinneringe uit sy kinderdae op Middelburg met die leser.

"Ek het grootgeword op die platteland waar ons kattekwaad kon aanvang en avonture hê, soos kano-bou en met die klein Olifants afvaar." vertel hy.

*Kaalvoetklong tot rugbytoks* is beskikbaar by Bargain Books en maak 'n uitstekende geskenk uit vir enigeen wat lief is vir dié sport, of grootgeword in die dae toe kinders nog kinders was.